

Woensdag 19 Augustus

Skrifgedeelte: Spreuke 28:12-13

Fokusgedeelte: Spreuke 28:12

God gee seën, lewensvreugde en -ruimte waar jy jou invloed laat geld

Een van die grootste foute wat gelowiges kan maak, is om onself uit die openbare lewe te onttrek wanneer dit sleg gaan of wanneer ons teenstand ervaar. Dit het ongelukkig tot 'n groot mate ná 1994 gebeur. Tot vandag toe is gelowiges bang om hulle stem te laat hoor of om in die openbare lewe standpunt in te neem of betrokke te raak.

Die Here leer ons hier dat ons met sulke optrede die samelewing van sy (die Here se) seën, lewensvreugde en lewensruimte beroof. Waar gelowiges die lig van Jesus Christus laat skyn en die wêreld soos sout teen die bederf van Satan beskerm, daar kom vreugde en seënryke lewensruimte vir almal. Ook vir die ongelowiges.

Dis immers om hierdie rede dat Jesus ons die opdrag gegee het om lig en sout vir die wêreld te wees deur die boodskap van redding en genade in Hom te verkondig en sy liefde te leef. Waar dit nie gebeur nie, verdwyn mense se lewensvreugde en kwyn hulle weg in 'n wêreld van onreg en onheil, soos Psalm 11:10 dit stel: "As die fundamente ondermyn word, wat kan die regverdige daaraan doen?" En Spreuke 29:2: "'n Volk juig as regverdige mense mag kry, 'n volk sug as goddelose mense regeer."

Daarom roep die Here jou vandag op om oral waar jy invloed kan uitoefen, die lig van die evangelie te wees. In jou buurt, in jou skool, by jou werk, in jou dorp of stad, of op watter forum of terrein jy ook al die geleentheid kry om sout en lig te wees. Moenie onttrek nie, moenie bang wees nie, want Jesus het ons immers belowe dat Hy elke dag by ons sal wees as ons Koning, en dat die Heilige Gees ons die woorde sal gee om te praat wanneer ons moet praat.

Deur aan hierdie opdrag gehoorsaam te wees, skep jy 'n ruimte waar die Here sy seën kan gebied en waar alle mense lewensvreugde en lewensruimte kan geniet.

Sing: Skrifberyming 11-3:1, 4, 7, 8

Ds. P Venter (Piet) (Potchefstroom-Oos)